

# Só wen jy 'n wêreldbeker kriekettrui

## Besoek Buffalo Valley Spur en wen

Heilbron manne en vrouens, al wat jy nodig het om te doen is om 'n spesifieke alkoholise verversing by Buffalo Valley Spur in Heilbron te gaan drink, jou Spur familiekaart te "swipe" en siedaar, jou naam is in trekking vir 'n kans om 'n Castle Draught wêreldbeker kriekettrui te wen. Spur het 'n aantal van hierdie trui om weg te gee. So kan jy deelneem: bring al jou vriende en kom geniet 'n 500ml Castle Draught. Moe-nie vergeet om jou Spur familiekaart te gebruik of die Spur Family App om jou kans te verseker om in aanmerking te kom vir 'n trui nie.

Daar sal vir die volgende vyf weke 'n paar trui weggegee word. Wie is volgende om te spog met hierdie groen en goue trui? Koop volgende week die Heilbron Herald en vind uit.



Op die foto bo is die eerste week se wenners: Terence Cunningham, Marisa van Rooyen, Christa Kruger en John Mokgobom. Annette Myburgh was ook deel van die wenspan maar afwesig tydens die neem van die foto.

## MISDAADverslag

- Goeie arrestasies is die afgelope naweek deur Heilbron SAPD gemaak. Vier verdagtes, afkomstig van Malawi is Vrydag, 14 Junie gearresteer nadat hulle probeer kontant roof het. Die diene het op vlug geslaan nadat die roof misluk het. Luitenant-kolonel Mokhethi het die verdagtes in 'n Toyota Surf opgemerk en hulle met sy privaatvoertuig agterna gesit. Hy het hulle later opgespoor en gearresteer. Die verdagtes is onwettig in Suid-Afrika sonder enige paspoorte. Die voertuig waarmee hulle gevlug het, is as gesteel aangemeld in Empangeni.
- Saterdag, 15 Junie is 'n minderjarige

gearresteer vir gewapende roof. Die roof het plaasgevind tussen Sandersville en Phiritona woonbuurt nadat 'n man met 'n beweerde vuurwapen geroof is. Na verdere ondersoek is gevind dat dit 'n speelgoed geweer was. Die minderjarige verskyn vandag in die hof.

- Twee verdagtes het omstreeks 23:00, 15 Junie toegang deur Exact se dak tot binne die gebou verkry. Dit is steeds onbekend watter inhoud alles gesteel is. Daar is geen videobeelde in hierdie verband nie. Enige inligting kan aan Heilbron polisie deurgegee word wat kan help met die arrestasie van die skuldiges.

## Grondeienaars moet betyds voorsiening maak

### • Heilbron Landbou

Dis alweer wintertyd en ongelukkig die tyd waarin veldbrande ontstaan. Boere/grondeienaars moet asseblief vroegtydig voorsiening maak om voorbrande, brandpaaie ens. te maak om die risiko te verminder.

(Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande,

1998 (Wet No 101 van 1998)

Maak ook seker dat daar rondom werkershuise en ander geboue waar brande kan ontstaan, voorsorgmaatreëls getref word om brande te voorkom.

Versuim om gehoor te gee aan die bepalinge van die Wet kan aanleiding gee tot siviele aanspreeklikheid.

	9				7	5		4
	4			9		2		3
2		6		4	3	1		
		2						7
	6	4						
9						3	2	
							5	
4	1			2		9		
			1	8	3		4	2

**SUDOKU** - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# WIN with Spur & Castle

**Purchase a 500ml Castle Draught and stand a chance to WIN a Supporters' Jersey!**  
(50 jerseys up for grabs per restaurant.)

**HOW TO**  
Purchase a 500ml Castle Draught for only R29.90 at Spur and swipe your Spur Family Card OR use the Spur Family App to secure your entry into the lucky draw.

Ts & Cs apply. VAT included. Per person. Promotion valid from 2 June - 24 July 2019. Winners will be randomly drawn and contacted telephonically. Not in conjunction with any other promotion. The visuals are for descriptive purposes.

For full competition Ts and Cs visit: [www.spur.co.za](http://www.spur.co.za)  
Customer Care: 080007787

CASTLE  
Spur Steak Ranches  
BUFFALO VALLEY SPUR - HEILBRON

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033  
E-pos: [heraldnuus@heilbron.co.za](mailto:heraldnuus@heilbron.co.za)

MERK JOU KALENDER  
**2 - 3 AUGUSTUS '19**

FONDSE GAAN NA VERSKEIE LIEFDADIGHEIDS-ORGANISASIES